

Meer inligting & ondersteuning:



Tydrooster

Skandeer die kode vir huidige tydrooster van toepassing op jou roete.



Halteverkenner

Skandeer die kode om jou rit van jou bushalte af te beplan.



GoBot

Vra ons kletsbot via WhatsApp - 24/7
078 090 6168



Ritbeplanner

Verskeie opsies vir maklike ritbeplanning



Webtuiste

- alles oor ons diens
- reishulpmiddels

www.gogeorge.org.za



Uniondale/ Haarlem

Skandeer vir inligting oor die Roete 20-diens.

Gebruik gerus enige van hierdie inligtingsbronne om ook ritte binne George te beplan, of skakel

KLIËNTEDIENS by 0800 044 044

vir persoonlike bystand, daaglik van 05:00 tot 20:00.



GOEIE NUUS!

GO GEORGE brei uit na jou kontrei!

Roete 20 GEORGE - UNIONDALE/HAARLEM

Vrydag 30 Oktober 2026

- Die roete loop aanvanklik **Maandae, Woensdae, Vrydae** en **Saterdag** en sal slegs **15 passasiers per rit** kan akkommodeer. Aanpassings sal gemaak word soos wat behoefte toeneem.
- Twee minibusse vertrek om **06:00 uit Uniondale en Haarlem** onderskeidelik, en laai passasiers by die T-aansluiting op een minibus oor.
- 'n Klein **sleepwa** is beskikbaar vir beperkte bagasie (duidelik gemerk).
- Die bus doen aan by haltes by **Avontuur, Noll, Eenzaamheid, Ganzekraal, Ezeljacht, Herold** en **Waboomskraal**.
- Die bus arriveer teen ongeveer **08:00 by die George-vervoerkern**. Die terugrit vertrek op dieselfde plek om **15:00**. Padwerk op die N9 mag aankomstye beïnvloed.
- Om verder van die busdiens gebruik te maak in George, sal passasiers 'n **GO GEORGE-slimkaart** by 'n slimkaartkiosk (bv. by die vervoerkern waar die Roete 20-bus stop) moet koop en ritte daarop moet laai.

BESPREKINGS moet voor 22:00 die vorige aand gedoen word deur **074 305 4180** te WhatsApp of te skakel. Passasiers sonder bespreking kan dalk geakkommodeer word, maar plek op die 15-sitplek minibus is nie gewaarborg nie – bespreek dus vooraf om jou sitplek te verseker.

TARIEWE

George ↔ Noll: **R60** | George ↔ Uniondale/Haarlem: **R110**

Retoer: R220 ('n beduidende besparing op ander vervoer)